

HOOFSTUK IV.

DIE STRYD OM GELYKBEREGTIGING.

A. OPSKORTING VAN BESTAANDE REGTE.

Na die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog is met die uitvaardiging van Proklamasie No. 36 van 1945 alles wat die Duitssprekendes ten opsigte van hulle skoolwese verkry het, met 'n pennestreek weggeneem. Dit het artikels 106, 107, 108 en 109 van Onderwysproklamasie van 1926 geskrap en artikel 111 gewysig deur die woorde "al die drie" te vervang deur die woord "albei".<sup>(1)</sup>

Die implikasies hiervan was dat in alle staatskole moedertaalonderrig opgeskort was; alle Duitsmediumafdelings is gesluit; alle Duitse leerkragte sonder Suid-Afrikaanse Sertifikate het kennis gekry van hul diensbeëindiging.<sup>(2)</sup> Voorts het die Matrikulasieraad die vergunning dat Duits A as een van die Groep I - vakke kon geld, terug getrek. Duits Hoër kon dus wel geneem word as vak, maar dit kon nie een van die amptelike tale in die Hoër Graad vervang nie.<sup>(3)</sup>

Dit was 'n bittere slag vir die Duitssprekendes. Alleen die onderwysers, kinders en ouers wat van 1 Januarie 1946 af toe die proklamasie van krag geword het, met die oorskakeling gemoeid was, kan getuig van die frustrasie en patetiese gesukkel van kinders wat skielik met 'n vreemde medium gekonfronteer is.

---

(1) Proklamasie Nr. 36 van 1945, artikel 1.

(2) Afrikanischer Heimatkalender 1952, p.56.

(3) Onderwyskommissie van 1958, artikel 227.

Vir Duitse privaatskole het dit beteken dat die drie erkende staatseksamens St.6, Junior Sertifikaat en Matrikulasie voortaan deur medium Afrikaans of Engels afgeleë moes word. Hulle moes ook in alleryl hierby aanpas. Dit sê veel vir die prestasie van die leerrlinge dat alle kandidate vir die Senior Sertifikaat aan die Höhere Privat Schule Windhoek, in 1946 in die eerste of tweedeklas geslaag het. (1)

Hierdie toestand sou vyf volle jare voortduur.

#### B. PLEIDOOI VAN DIE DUITSE BEVOLKING.

Tydens die Sinode van die Lutherse Kerk wat vanaf 1 to 3 Oktober 1948 te Swakopmund vergader het, het Pastor J. Schmidt gepleit dat Duitsmeduimonderrig minstens in die laer standerds heringestel en dat bo alles die moedertaal as medium by die godsdiensoonderrig toegestaan word. (2) Die saak is na dr. K. Frey verwys wat daarop 'n brief aan alle Duitssprekende ouers rig in die Allgemeine Zeitung. (3)

In hierdie brief is ouers versoek om hulle te besin oor 'n reeks vrae in verband met (hulle) onderwysprobleme, waarvan die vernaamste was:

- (i) Of Duitse afdelings aan alle regeringskole of slegs in groter sentra verlang word.
- (ii) Tot watter standaard moedertaalonderrig wenslik is en, indien dit toegestaan word, of daar nog bestaansreg vir die Duitse privaatskole was;

---

(1) Fünfzig Jahre Höhere Privat Schule Windhuk, p.19.

(2) Synodaltagung der Deutschen Evangelischen Synode von Südwest-Afrika vom 1-3 Oktober 1948 in Swakopmund, artikel 2(a).

(3) Allgemeine Zeitung, Nr.242 van 14 Desember 1949.

- (iii) Op welke wyse Duitse kinders gehuisves moes word;
- (iv) Hoe die leerplanne in Duitse privaatskole moet verskil of aanpas by die van staatskole;
- (v) Of Duitse privaatskole op n ander manier uitgebou moet word ten einde bevruggend op die Duitse kulturele lewe in te werk.

Daar is beklemtoon dat die doel van die navraag nie is om n eensydige opvoedingstelsel uit te werk nie, maar om te verseker dat die opvoeding van die Duitssprekende kinders deur die regering op so n wyse gereël word dat dit die goedkeuring van die ouers wegdra. (1)

Die reaksie op die oproep was bemoedigend en die antwoorde is ter tafel geneem op n vergadering van die Lutherse Sinode, gehou aan huis van dr. H. Vedder te Okahandja op 21 Januarie 1950. Die vergadering het eenparig besluit dat: (2)

- (i) Hulle die grondliggende beginsel van vrye kulturele ontwikkeling van verskillende taalgroepe in n land onderskryf en daarom ook moedertaalonder- rig vir Duitssprekende kinders steun.
- (ii) Hulle die Onderwysdepartement versoek om op geskik- te plekke weer Duitsmediumonderrig in te voer soos dit tot 1945 die geval was.
- (iii) In die praktiese uitvoering van so n stap, Duitse afdelings liefs in n paar groter sentra aangebied moet word as in n menigte dwergskole.
- (iv) Ten einde doeltreffende gebruik, mondeling en skrif-

---

(1) Ibid.

(2) Afrikansicher Heimatkalender 1952, p. 56.

telik, van die moedertaal te verseker, onderrig daarin minstens tot St.6 gegee moet word.

(v) Die onderrig van Duits as taal die onderrig van Afrikaans en Engels nie mag benadeel nie.

(vi) Duitse privaatskole moet bly voortbestaan en aan Lutherse leerlinge in sulke skole weer soos vroeër godsdiensonderrig volgens hul belydenis verskaf word.

Aan Kerkrade is opgedra om hierdie besluite so gou doenlik tydens gemeentevergaderings te bespreek en besluite daaroor te neem.

Na aanleiding van hierdie besluite is 'n versoekskrif opgestel waaraan die Sinode van die Lutherse Kerk hul heelhartige steun verleen het tydens hul sitting van 22 tot 23 September 1950 te Swakopmund.<sup>(1)</sup> Hierdie petisie is aan die nuutverkose Wetgewende Vergadering voorgelê op 27 September 1950 en die volgende dag in beginsel aanvaar.<sup>(2)</sup>

#### C. DUITSE ONDERWYSREGTE IN DIE PARTYPOLITIEK.

Die herroeping van alle regulasies wat moedertaal-onderrig aan Duitssprekende leerlinge moontlik gemaak het, was ongetwyfeld 'n politieke daad. Voorts is die manier waarop dit gedoen is, pedagogies nie te verantwoord nie. Dit was egter die eindresultaat van gebeurtenisse wat kumulatief deur die jare aangegroei en hul klimaks gedurende die Tweede Wêreldoorlog bereik het. Dog ook daarna sou dit 'n belangrike plek in die politieke arena behou.

Reeds voor die vredesluiting het die redakteur van die Windhoek Advertiser in 'n hoofartikel laat deurskemer dat "the practice of teaching through the medium of the German

---

(1) Ibid., No.185 van 25 September 1950.

(2) Afrikanischer Heimatkalender 1952, p.56.

language in certain schools is also a matter that will have to be rigidly suppressed if we were to have peace and security in this country".<sup>(1)</sup>

Volgens Die Suidwes-Afrikaner het die V.N.S.W.P. - kongres kort daarna op voorstel van adv. J.P. Niehaus besluit "dat alle Duitse skole, regerings- sowel as privaat-skole, gesluit word."<sup>(2)</sup> Waar die V.N.S.W.P. (Verenigde Nasionale Suidwes Party) die regerende party was, is dit dus begryplik dat Proklamasie 36 van 1945 'n weerspieëling van die tydsgees op die politieke terrein was. Onderwys-hoofde het volgens die Suidwes-Afrikaner erken dat die nuwe bepalinge opvoedkundig aanvegbaar was, "maar hulle voel dat hierdie pedagogiese ongerymdhede in belang ver oortref word deur politieke oorweging, omdat in die verlede veel ellende ondervind is deur die skeiding tussen die Duitse en die ander kinders".<sup>(3)</sup>

Die Duitsers in Suidwes-Afrika was na afloop van die Tweede Wêreldoorlog in 'n baie moeilike posisie. Duitsland was 'n oorwonne volk; geen steun kon daarvandaan verwag word nie en Duitse geïnterneerdes in Suidwes-Afrika sou as vyandsonderdane gerepatriceer word.<sup>(4)</sup>

In 1948 kom daar egter verandering as die Nasionale Party die oorwinning behaal in die Unie van Suid-Afrika. Die Duitsers word vervul met hoop en in die besoek van Dr. D.F. Malan teen die einde van 1948 sien die Duitse

---

(1) The Windhoek Advertiser, 27th June, 1945.

(2) Die Suidwes-Afrikaner van 13 Julie 1945.

(3) Ibid., 25 Oktober 1946.

(4) Ibid., 8 September 1944. Besluit van die V.N.S.W.P.-Kongres. (Vgl. ook hoofartikel in "The Windhoek Advertiser", 21 Mei 1947.)

Evangeliese Sinode juis 'n goeie geleentheid om hul saak in verband met die Duitse taalregte weer aanhangig te maak. (1)

Dit was 'n fyn aanvoeling van 'n veranderende gety, want in Suidwes-Afrika het die Nasionale Party hom met krag in die stryd gewerp met die oog op die verkiesing wat in 1950 sou plaasvind. Hulle het 'n beleid gepropageer wat dieselfde voorregte aan Duitse kinders gun as wat deur Afrikaans en Engelsprekendes geniet word, in soverre so 'n beleid prakties uitvoerbaar was. Verder het hulle in die vooruitsig gestel 'n kommissie van opvoedkundiges waarop die Duitssprekendes verteenwoordig sou wees, met die opdrag om vir die Duitssprekende kind leerplanne uit te werk, wat volgens hul oorwoë mening en met behoorlike inagneming van Suidwes-Afrikaanse onderwystoestande tot heil en beswil van die Duitssprekende kind, dog ook die blanke gemeenskap van Suidwes-Afrika, sou strek. (2)

'n Hele skare politici uit Suid-Afrika het Suidwes-Afrika in die verkiesingsjaar besoek. Twee-en-veertig kandidate van die Verenigde Party sou van 1 Augustus af die land deurreis om die V.N.P.W.P. te steun in sy verkiesingsveldtog. Adv. J.G.H. Strauss sou in die plek van genl. Smuts op ag plekke optree, terwyl dr. Malan as leier van die Nasionale Party slegs Keetmanshoop, Windhoek, Otjiwarongo en Gobabis sou besoek. (3)

---

(1) Synodaltagung der Deutschen Evangelischen Synode von Südwest-Afrika in Okahandja vom 1-3. Oktober 1948, artikel 2(a).

(2) Verkiesingsmanifes van die Nasionale Party, 1950.

(3) Allgemeine Zeitung Nr.135 van 14-15 Julie 1950.

Verskillende briewe verskyn in the pers wat aan die een kant Duitse kiesers afraai om te stem,<sup>(1)</sup> maar dit aan die anderkant by hulle inskerp dat hulle die uitoefening van hulle stemreg juis aan hulle kinders en kindskinders verskuldig is.<sup>(2)</sup> Dr. W.H. Weder, Nasionale Party kandidaat vir Windhoek-Wes, wys op 'n vergadering in Windhoek daarop dat selfs die inboorlinge moedertaalonderrig geniet en daarom mag dit nie van die Duitssprekendes weerhou word nie. Hoewel die Nasionale Party in beginsel nie privaatskole aanmoedig nie, besef hulle dat sulke skole 'n diens lewer wat die staat andersins sou moes verrig. Subsi-diëring van alle privaatskole sou dus die aandag geniet,<sup>(3)</sup> in teenstelling met die Verenigde Nasionale Suidwes-Party beleid om net sekere privaatskole te subsideer.<sup>(4)</sup>

Dit is duidelik dat in Suidwes-Afrika en in Duitsland daar groot waardering vir die optrede van die Nasionale Party was. Die feit dat die deportasiebevel van Duitsers afgelas, die likwidasië van hul eiendom ter syde gestel, hulle as volle staatsburgers erken en dr. H. Vedder as Senator aangestel is, het gunstige kommentaar in „Christ und Welt“, 'n Duitse koerant oorsee, uitgelok.<sup>(5)</sup>

---

(1) Ibid., Nr.145, Brief van mnr. M.Crohn.

(2) Ibid., Nr.147, Brief van mnr. N. Triebner.

(3) Ibid., Nr.136 van 17 Julie 1950.

(4) Memorandum i.s. Verklarings in die Verlede deur die Nasionale Party met betrekking tot die Kwessie van Duitse Taalregte en Aanverwante Sake, ongedateerd, p.2.

(5) Allgemeine Zeitung, Nr.192 van 5 Oktober 1950.

Behalwe moedertaalonderwys en die subsidies aan pri-  
vaatskole sou ook die probleem van Duits as derde ampstaal  
weer aandag geniet. Die V.N.S.W.P. het van die standpunt  
uitgegaan dat daar twee amptelike tale was, Engels en  
Afrikaans, en dat daar nie plek vir 'n derde was nie.<sup>(1)</sup>  
Die Nasionale Party daarinteen was, op grond van gebruike  
in die verlede, bereid om binne perke, aan Duits 'n sekere  
mate van erkenning te verleen. Volgens hulle beleidsver-  
klaring het die Zuidwest-Afrika Konstitusie Wet 1925, bepaal  
dat die Hoërhof, behoudens die bepaling van sy reëls, behalwe  
in die offisiële tale van die Unie, ook in die Duitse taal  
toegespreek mag word.<sup>(2)</sup>

Daarbenewens word in Artikel 134 van die Insolvensie-  
wet 1936, voorsiening gemaak dat aantekeninge en transaksies  
in Duits gehou en aangegaan kan word.<sup>(3)</sup>

Die Nasionale Party was nie bereid om Duits tot 'n derde  
ampstaal te verhef nie. Hy was egter te vinde om hom te  
beywer vir die skep van fasiliteite om die vryelike gebruik  
van die Duitse taal in alle staatskantore toe te laat, ook  
wat betref korrespondensie, sover dit prakties en redelik  
uitvoerbaar was. Die Staatskoerant kon, soos voor die  
oorlog, weer in Duits gepubliseer word, maar as die aan-  
vraag daarvoor nie die addisionele koste regverdig nie, sou  
die vertaalde publikasie gestaak word. Ook plaaslike kennis-  
gewings en landswye publikasies van die Suidwes-Afrikaanse

---

(1) Die Suidwes-Afrikaner, 13 September 1957.

(2) Wet Nr.42 van 1925, artikel 40.

(3) Wet Nr.24 van 1936 soos gewysig deur die invoeging van  
Artikel 33 van Wet No.16 van 1943.

Administrasie sou sover moontlik ook in Duits geskied.<sup>(1)</sup>

Die kern van die saak was dat die Nasionale Party nie bereid was om die moedertaal van een bevolkingsdeel te onderdruk nie. Hulle was bereid om moedertaalgebruik aan Duitssprekendes te gun. Daarna het die verantwoordelikheid vir die handhawing en voortbestaan daarvan as omgangs- en huistaal by die Duitsers self berus. Die Nasionale Party het na bewindsaanvaarding in 1950 die beloofde kommissie aangestel en op grond van hul verslag en aanbevelings saam met dié van latere kommissies, mettertyd vergunnings toegestaan wat op praktiese wyse en met inagneming van pedagogiese beginsels, toegepas is. Ten einde hul goedgesindheid verder te bewys is die gebruik van Duits as taal in staatskantore en publikasies goedgekeur. Die regering was egter nie te vinde vir die erkenning van Duits as 'n derde amptelike taal nie. Dit was volgens hom 'n nasionale taal, 'n erkende kommunikasiemiddel van 'n deel van die land se inwoners. Die verskil tussen 'n nasionale taal en 'n amptelike taal kon die V.N.S.W.P. skynbaar nie verstaan nie.

#### D. OPDRAGTE EN VERSLAE VAN VERSKILLENDE ONDERWYSKOMMISSIES.

##### (a) KOMMISSIE VAN 1950.

Ten einde duidelikheid te verkry oor die wyse waarop Duitse afdelings in regeringskole weer heropen sou word, het die Administrateur-in-Uitvoerende-Komitee 'n kommissie gelas wat ondersoek moes instel na en aanbeveling doen oor die stappe wat gedoen moes word om moedertaalonderrig te verskaf

---

(1) Beleidsverklaring van die Nasionale Party van Suidwes-Afrika t.o.v. die Taalregte en voorregte van Duitssprekendes in Suidwes-Afrika, ongedateerd, p.2.

aan kinders van Duitssprekende ouers in alle staatskole, waar enigsins moontlik, tot welke standerd sulke onderrig moes strek, welke finansiële ondersteuning aan privaatskole vir blanke kinders gegee kon word en onder watter voorwaardes en omstandighede dit mag geskied.<sup>(1)</sup>

Hierdie kommissie het bestaan uit die volgende lede:

Mnr. J.G.H. van der Wath, L.U.K. en voorsitter, dr. J.C. Lemmer, dr. K. Frey, mnr. S.W.I. Verster, dr. H. Wolf en mnr. W.D. Theron, laasgenoemde as sekretaris.<sup>(2)</sup> Hulle het binne enkele maande hul werksaamhede afgehandel en die verslag en aanbevelings is deur die Uitvoerende Komitee op 24 November 1950 aanvaar.<sup>(3)</sup> Dit het onder andere behels dat:

- (i) Duits as medium gedurende die eerste ses jaar, d.w.s. vanaf Sub. A tot St. 4 in die te herstigte Duitse Afdeling gebruik mag word.
- (ii) Die minimum aantal kinders om 'n Duitse Afdeling te regverdig vyftien skoliere sal wees.
- (iii) Van St. 5 af Duits Hoër as vak gekies kon word.
- (iv) Die St. 6 eksamen kon afgelê word deur Duits Hoër, Afrikaans Laer of Engels Laer te slaag, maar dat slaging in een van die amptelike tale in die hoër graad nie verpligtend is nie.
- (v) Waar getalle dit regverdig in die middelbare afdeling, parallel-klasse vir Duitsmedium kinders ingerig kan word, sodat hulle Duits apart kon neem en nie saam

---

(1) Report of the Commission of Enquiry into Certain Educational Matters, 1950, p.1.

(2) Ibid.

(3) Afrikanischer Heimatkalender, 1952, p.56.

net Afrikaans- of Engelssprekende beginners onderrig hoef te word nie.

- (vi) Duitssprekende skoliere vir die Matrikulasie-eksamen Duits Hoër kon kies as vak, mits die Gemeenskaplike Matrikulasieraad dit goedkeur.
- (vii) In die Duitse Afdeling Engels, as die moeilikste landstaal, eerste aangeleer word en reeds vanaf Std.1, terwyl met Afrikaans 'n aanvang gemaak moet word in Std.3. Dit kan van St.5 af die medium van onderrig word, tensy die ouers Engels verkies.
- (viii) Gedurende die oorgangstydperk Duitssprekende kinders onder geen omstandighede benadeel mag word nie.
- (ix) Indien daar 'n tekort was aan Duitssprekende leerkragte wat in Suidwes-Afrika gebore is, bykomende onderwysers in Duitsland kon gewerf word.
- (x) Die volgende plekke vanaf Januarie 1951 Duitsmediumafdelings kry: Tsuneb, Grootfontein, Otavi, Onaruru, Okahandja, Swakopmund en Windhoek. Dit was moontlik dat Gobabis en Keetmanshoop in die loop van die jaar ingeskakel word. Aangesien daar egter privaat-skole in Lüderitz en Karibib bestaan het, is geen Duitse afdelings daar ingestel nie.
- (xi) Subsidies in die toekoms weer deur die Staat aan Duitse privaat-skole betaal sou word en wel op 'n basis van 50% van die koste wat die regering aan kinders in staatsintigtings spandeer. Dit het R28 per kind per jaar bedra. 'n Beperking is egter gestel wat die staat se bydrae vir 'n maksimum aantal leerlinge in elke Duitse privaat-skool soos volg bepaal het: Höhere Privatschule Windhoek:

300; Luderitzbucht: 100 en Karibib: 50.

(xii) Die Duitse afdelings gedurende 1951 slegs tot St.2 sou strek, maar na 'n verdere twee jaar ten volle uitgebou sou wees. Gedurende hierdie periode moes Duitssprekende leerlinge in Afrikaans- of Engels-medium-afdelings onderrig ontvang in Duits as bykomende vak.

Verskillende sake ten opsigte van die implementering van die beleid is aan die Departement van Onderwys oorgelaat. Uit die aard van die saak moes die Duitse kind in die laerskool vanaf 1951 een vak meer bestudeer as die Afrikaans- of Engelssprekende skolier. Die nodige tyd hiervoor moes van ander vakke in die skoolprogram verhaal word. Die kommissie het aanbeveel dat die saak in die hande van die Departement van Onderwys gelaat word,<sup>(1)</sup> soos ook die opstelling van leerplanne in die onderskeie vakke.<sup>(2)</sup>

By wyse van 'n spesiale omsendbrief<sup>(3)</sup> is opdragte in verband met tydverdeling aan die betrokke skole bekend gemaak. Voorts is bepaal dat indien plaaslik gereël kan word om die tyd vir onderrig in Duitsmedium te verleng, of om selfs op Saterdag skool te hou, nits dit sonder ekstra koste vir die Staat geskied, die vakke soos Handwerk, Tekon, Liggaamlike Opvoeding, Gesondheidsleer en Sang nie soveel tyd hoef te verloor nie. Leerplanne sou opgestel en die nodige hand-

---

(1) Report of the Commission of Enquiry into Certain Educational Matters, 1950, art. 25 en 26.

(2) Ibid., art. 43 en 44.

(3) Departement van Onderwys, Omsendbrief Nr.833 van 5 Desember 1950.

boeke aangekoop word. Behalwe die plekke wat, soos aangekondig, met Duitsmediumafdelings sou begin, is op 29 November 1950 bekend gemaak dat daar ook op Otjiwarongo vanaf 1 Januarie 1951 'n aanvang met so 'n afdeling gemaak sal word omdat huisvesting beskikbaar was. (1)

(b) KOMMISSIE VAN 1956.

Die aanleidende oorsaak tot die aanstelling van hierdie kommissie was 'n beskrywingspunt tydens die Tiende Kongres 1953 van die Nasionale Party wat soos volg gelui het:

„Dat ondersoek ingestel word na welke taalregte die Duitssprekendes voor die afgelope oorlog geniet het, hoedanig die taalregte ontnemen is en in hoeverre dit prakties moontlik is om die ontnemende regte te herstel". (2)

Omdat daar nie duidelikheid was oor wat die voorstel alles beliggaam het nie, is die betrokke afgevaardigde, 'n Duitssprekende van die kiesafdeling Usakos, versoek om 'n memorandum aan die Hoofkantoor van die Nasionale Party te stuur waarin hy die hele saak toelig, nadat hy met ander Duitssprekendes beraadslaag het. Hierop het 'n lywige memorandum gevolg wat veel meer geraak het as wat in die oorspronklike voorstel opgeneem was. Voordat die Hoofbestuur egter 'n besluit kon neem, het die Elfde Kongres (1954) plaasgevind met dieselfde beskrywingspunt weer op die agenda, namens die Afdelingsbestuur, Usakos. Hierdie keer het die

---

(1) Departement van Onderwys Omsendbrief Nr. 21/1950 van 29 November 1950.

(2) Memorandum i.s. Verklarings in die Verlede deur die Nasionale Party met betrekking tot die Kwessie van Duitse Taalregte en Aanverwante Sake, ongedateerd, p.2.

kongres die beskrywingspunt aanvaar.<sup>(1)</sup>

Die Administrateur-in-Uitvoerende-Komitee het op 2 Mei 1955 'n Kommissie aangestel om gevolg te gee aan hierdie versoek. Dit sou bekend staan as die Kommissie i.s. die Regte van Duitssprekendes in Suidwes-Afrika. Die vyf lede was: mnr. P.J. Brand (voorsitter), mnr. J.H. Esterhuyse (sekretaris), Landespropst K.F. Höfflich, mnr. L.V. Postma en mnr. E. Sibold. Behalwe die punte soos in genoemde beskrywingspunt beliggaam, moes die Kommissie ook die volgende ondersoek:<sup>(2)</sup>

- (i) In welke mate die taalregte of- voorregte van die Duitsers deur hulle benut is;
- (ii) Watter koste en/of ander implikasies aan die herstel van die regte en voorregte verbonde sal wees.

Op 22 Julie is 'n verdere punt bygevoeg, naamlik „dat die Kommissie vasstel wat die wense van die Duitssprekendes ten opsigte van bogenoemde punte is, met ander woorde ook dié in die beskrywingspunt vervat.<sup>(3)</sup>

Die Kommissie het 'n deurastende ondersoek gedoen en in sy verslag gemeld dat 'n gedeeltelike herstelling van die regte en/of voorregte van Duitssprekendes reeds gevolg het na die bekendmaking van die Verslag van die Onderwyskommissie van 1950. In ag laerskole was reeds Duitsmediumafdelings sedert Januarie 1951, in Outjo is sedert 1955 en in Walvisbaai sedert 1956 ook sodanige geriewe toegestaan. Ongeveer 58.2% van alle Duitse leerlinge was in Junie 1955 in

---

(1) Ibid., p.3.

(2) G.K. Nr.309, Offisiële Koerant van 15 Oktober 1955.

(3) Ibid.

staatskole. (1)

Die Kommissie het egter daarop gewys dat na 1951 net Duitse leerkragte wat reeds in Suidwes-Afrika was, aangestel is. Hiermee was ouers klaarblyklik nie tevrede nie. Voorts konstateer hulle dat moedertaalonderrig slegs gedeeltelik herstel is, want voor 1939 was dit deurlopend tot St.10. Ten einde volle herstel te verseker, sou dit nodig wees om Prolamasie No.36 van 1945 te herroep, weer 'n Inspekteur van Onderwys aan te stel wat Duits magtig is en in staat om die belange van die Duitssprekende leerlinge en ouers te behartig, weer 'n Duitse Regeringshoërskool te Swakopmund te skep met geleentheid vir Abitur en verder toe te laat dat onderwysers in Duitsland gewerf kan word om vakatures in Duitsmediumafdelings te vul. (2)

(c) KOMMISSIE VAN 1958.

Hierdie Kommissie, ook later bekend as die Koenkommissie, is op 23 Februarie 1956 aangewys en het bestaan uit die volgende lede: mnr. A.J. Koen (voorsitter), dr. W.B. Miller (sekretaris), ds. J.T. Potgieter, dr. K. Frey en dr. J.H.S. Oosthuizen. (3) Hulle opdragte het 'n baie breë veld gedek. Wat die Duitssprekendes betref sou hulle ondersoek instel na en verslag uitbring oor die volgende belangrike sake:

- (i) Die onderrig van tale en die taalmedium in laer- en hoërskole met spesiale verwysing na Duits.
- (ii) Die subsidiëring van privaatskole.

---

(1) Verslag van die Kommissie i.s. die Regte van Duitssprekendes in Suidwes-Afrika van 1956, p.37.

(2) Ibid.

(3) Verslag van die Onderwyskommissie van 1958, p.1.

Ten opsigte van moedertaalonderrig het die Kommissie die beleid van die Administrasie as sielkundig gesond in opvoedkundig korrek onderskryf.<sup>(1)</sup>

Waar St.6 sedert 1956 by die middelbare skole ingeskakel is, het dit beteken dat wat Duits-mediumafdelings betref, net St.5 in die laerskole nie moedertaalonderrig ontvang het nie. Die Kommissie het derhalwe aanbeveel dat moedertaalonderrig uitgebrei word om die hele laerskoolkursus in te sluit, soos tewens deur die meerderheid van die ouers versoek is. Organisasories sou dit ook baie help, aangesien Duitse Afdelings dwarsdeur as aparte eenhede behandel kon word.<sup>(2)</sup>

Hierdie reëling sou egter meebring dat Duitsmedium leerlinge skielik in St.6 vir die eerste keer na 'n ander medium moet oorskakel. Volgens die stelsel voor 1956 het Sts.5 en 6 hier 'n gerieflike en noodsaaklike oorgangsstadium gevorm. As Duitse leerlinge nou in St.6 egter nie oor die nodige taalvaardigheid beskik nie, sou dit hulle vordering strem en 'n ekstra las op die onderwyser plaas. Ten einde die probleem te oorbrug, het die Kommissie aanbeveel dat daar in Sts.3, 4 en 5 meer onderrigtyd aan Afrikaans gewy word, omdat dit die voertaal van verreweg die meeste Duitssprekendes in die middelbare skool word. Daar is verder aanbeveel in St.4 en 5 Gesondheidsleer ( $\frac{1}{2}$ -uur per week) in St.5 nog Aardrykskunde ( $1\frac{1}{2}$ -uur per week) onderrig moet word deur die voertaal wat die betrokke leerlinge in die middelbare skool sal gebruik.<sup>(3)</sup>

---

(1) Verslag van die Onderwyskommissie 1958, art.216.

(2) Ibid., art.231.

(3) Ibid., art.238, 240 en 241.

Aangesien dit die strewe van die regering was om drie blanke taalgroepe as n integrerende Suid-Afrikaanse bevolking saam te snoer, was die Kommissie van mening dat die strewe ook in die skole en koshuise weerklank moet vind. Derhalwe is aanbeveel dat daar nie aparte koshuise vir Duitssprekendes aan staatskole moet wees nie, maar dat, sover prakties moontlik, Duitssprekendes in dieselfde kamers bymekaar geplaas word, as leerlinge of ouers daarom vra. Waar die getalle dit regverdig, moet pogings aangewend word om n Duitssprekende onderwyser as opsigter aan te stel, en in die geval van die jonger Duitse kinders, ook n Duitssprekende in die huishoudelike koshuis-personeel.<sup>(1)</sup>

Die Kommissie het bevind dat, ten opsigte van subsidies aan privaatskole, Suidwes-Afrika baie ruimer bydraes gee as enige provinsie in die Unie van Suid-Afrika.<sup>(2)</sup> Waar hulle dus die beginsel om private skole te stig erken,<sup>(3)</sup> is hulle verder van mening dat die staatskool toeganklik moet wees vir elke leerling, ongeag sy sosiale status, die ouer se inkomste, kerk- of kultuurverband. Daarom het hulle aanbeveel dat die subsidies aan private skole vasgepen word en op plekke waar regeringskole is, alle staatsubsidies gestaak word. Waar die staat egter nie onderwysgelcentheid kan bied nie, en n private skool dus geregverdig is, moet die subsidies voortduur.<sup>(4)</sup>

---

(1) Ibid., art. 289, 291.

(2) Ibid., art. 559.

(3) Ibid., art. 568.

(4) Ibid., art. 569.

(d) BELEIDSBEPALING OP GROND VAN KOMMISSIE-VERSLAE.

Die Departement van Onderwys het, na aanleiding van die verskillende Kommissie-verslae, 'n memorandum van die onderwysbeleid uitgewerk wat al die verskillende vertakkinge van die onderwys aangesny het. Dit het vasgelê dat bo en behalwe die kursusse bedoel vir die laerskole, 'n studie van Duits as vak in alle Duitsmediumafdelings bygevoeg moet word.

In dié afdelings moes in St.1 met Engels en in St.3 met Afrikaans 'n aanvang gemaak word.<sup>(1)</sup> Hierdie bepaling het weggedoen met die vergunning dat skoolhoofde op eie inisiatief, dog met goedkeuring van die Departement van Onderwys, vroeër met die onderrig van Engels kon begin.<sup>(2)</sup>

Die Departement het moedertaalonderrig as beleid gehandhaaf, en met betrekking tot minderheidsgroepe van 1 Januarie 1959 Duitsmedium tot St.5 in werking gestel.<sup>(3)</sup> In die middelbare skool is oorgeskakel na Afrikaans of Engels as medium en ten einde die oorskakeling te vergemaklik, is soos aanbeveel, in St.4 'n begin gemaak met die onderrig van Gesondheidsleer en in St.5 ook Aardrukskunde deur middel van die leerling se toekomstige offisiële taalmedium.<sup>(4)</sup>

---

(1) Memorandum van Onderwysbeleid bepaal na aanleiding van Verslae van Kommissie van Onderzoek i.s. Blanke en Nie-Blanke Onderwys benoem in 1956 en 1958 onderskeidelik, ongedateerd, p.2.

(2) Report of the Commission of Enquiry into certain Educational Matters, 1950, p.5.

(3) Memorandum van Onderwysbeleid bepaal na aanleiding van Verslae van Kommissie van Onderzoek i.s. Blanke en Nie-Blanke Onderwys benoem in 1956 en 1958 onderskeidelik, ongedateerd, p.7.

(4) Departement van Onderwys Omsendbrief E.24/1958, p.4.

Waar die inskrywing vir Duitsmediun-afdelings in laerskole vyftien of meer is, word voorsiening gemaak vir aparte klasse en geskied die toekenning van personeel asof die leerlinge 'n skoolleenheid op hul eie is. Waar minderheids-groepe te klein is en die medewerking van die ouers verkry kan word, word die leerlinge na ander skole oorgeplaas waar die nodige fasiliteite wel bestaan. 'n Beleid van sentralisasie is dus in sulke gevalle voorgestaan.<sup>(1)</sup>

Die Departement van Onderwys het die beginsel aanvaar dat 'n groep of instansie die reg het om 'n private skool te stig op voorwaarde dat dit:--<sup>(2)</sup>

- (i) By die staat geregistreer is;
- (ii) Onderhewig sal wees aan die heersende wette en regulasies;
- (iii) Onderhewig is aan inspeksie seer dit die onderrig van die skoolpligtige leerlinge betref;
- (iv) 'n Peil van onderrig vir bogenoemde leerlinge handhaaf waarmee die Direkteur van Onderwys tevrede is.

Privaatskole wat onderwysgeleentheid verskaf waarvoor die staat nie voorsiening maak nie, word deur die staat gesubsidieer. Vir privaatskole wat reeds subsidie ontvang dog op plekke bestaan waar regeringskole vir dieselfde onderrig voorsiening maak, is die subsidie vasgepen.<sup>(3)</sup>

---

(1) Memorandum van Onderwysbeleid bepaal na aanleiding van Verslae van Kommissie van Onderzoek i.s. Blanke en Nie-Blanke Onderwys benoem in 1956 en 1958 onderskeidelik, ongedateerd, p.7.

(2) Ibid., p.21.

(3) Ibid.

In 1958 het die neergekom op R36.40 per kind per jaar volgens 'n vasgestelde aantal leerlinge: Die Höhere Privatschule Windhoek 387, Duitse privaatskool 134, Duitse Privaatskool Karibib 48, St. Georges 79, Convent of the Holy Cross 147. Privaatskole op plekke waar die staat nie onderwysvoorsiening bied nie, kry die subsidie vir alle skoolpligtige leerlinge.<sup>(1)</sup> Hierdie posisie sal egter van tyd tot tyd oorweging geniet in die lig van die ontwikkeling op onderwysgebied en die beskikbaarstelling van meer fasiliteite.<sup>(2)</sup>

(e) MOEDERTAALONDERRIG TOT St.8.

Belangrike ontwikkelinge op onderwysgebied het die daaropvolgende veranderinge beïnvloed. Sedert 1956 is die St.6- leerlinge by die middelbare skole opgeneem en het die Junior Sekondêre Kursus die drie Standerds, 6 tot 8 ingesluit. Dit was die gevolg van 'n Regeringsbesluit in 1955 wat skoolplig verhoog het. Tot op die datum was dit St.6 of sestien jaar.<sup>(3)</sup> Waar St.6 vroeër 'n gedeeltelik eksterne eksamen was, het dit nou 'n interne eksamen geword, net soos St.7, as deel van die Junior Sekondêre kursus. Op grond van die 1958 Onderwyskommissie se aanbeveling is moedertaalonderrig in die Duitsmediumafdelings uitgebrei om ook St.5 in te sluit.<sup>(4)</sup>

---

(1) Onderwyskommissie van 1958, art.556.

(2) Memorandum van Onderwysbeleid bepaal na aanleiding van Verslae van Kommissie van Onderzoek i.s. Blanke en Nie-Blanke Onderwys benoem in 1956 en 1958 onderskeidelik, ongedateerd, p.21.

(3) Ordonnansie No.23 van 1955, art.3.

(4) Departement van Onderwys, Omsendbrief E.24/1958, p.4.

Hierdie saak het egter op die Kongres van die Nasionale Party in September 1957 verder aandag geniet. By wyse van 'n beleidsverklaring is bekend gemaak dat, indien ouers hulle kinders in die sekondêre klasse deur medium van Duits wil laat onderrig, die Staat verdere ondersteuning behoort te verleen deur aan die privaatskole 'n bykomende subsidie te betaal.<sup>(1)</sup> Nadat ouers oor hierdie aankondiging tydens 'n vergadering besin het, is 'n voorstel eenparig aanvaar om die geleentheid te benut en Duits as medium tot St.8 te implementeer.<sup>(2)</sup>

Die ideaal om moedertaalonderrig tot St.10 te verkry is egter nie verwesenlik nie. Op 17 Julie 1956 antwoord die Gemeenskaplike Matrikulasieraad op verzoek van die Departement van Onderwys om Duits A te erken as 'n vak onder Groep 1, dat die Raad nie van sy beleid kan afwyk nie. Hy dring dus daarop aan dat vir Matrikulasievrystelling of skoolleindvereiste kandidate een van die amptelike tale op 'n hoër graad moet slaag.<sup>(3)</sup> Die posisie is dus vandag nog dat in St.9 en 10 die medium vir al die eksamenvakke in die Duitse privaatskole Engels of Afrikaans is. Duits word egter in al die ander vakke gebruik.<sup>(4)</sup> Die voorreg wat sedert 1940 bestaan het maar in 1946 herroep is, is dan tog nie weer aan die privaatskole toegestaan nie.<sup>(5)</sup>

---

(1) Allgemeine Zeitung, 5 September 1957.

(2) Fünfzig Jahre Höhere Privat Schule Windhuk, p.19.

(3) Departement van Onderwys, Omsendbrief E.20/1956.

(4) Fünfzig Jahre Höhere Privat Schule Windhuk, p.19.

(5) Onderwyskommissie van 1958, p.21.

In een opsig het daar egter wel verligting gekom toe die Matrikulasieraad in 1961 voorwaardelik besluit dat Duits (Hoër Graad) tot die vakke van Afdeling A(1) gevoeg mag word. Dit het net gegeld vir kandidate wie se huistaal Duits is, wat in Suidwes-Afrika woon en wie se ouers in Suidwes-Afrika gedomisilieer is of was. Sodanige kandidate mag wel Duits Hoër vir die Matrikulasiesertifikaat aanbied mits:<sup>(1)</sup>

- (i) hulle beide Engels en Afrikaans vir die Senior Sertifikaat aanbied.
- (ii) hulle òf Engels òf Afrikaans in die Hoër Graad aanbied en
- (iii) hulle beide Engels of Afrikaans minstens in die Laer Graad slaag.

Hierdie bepaling was 'n groot tegemoetkoming. Tot die einde van 1961 was Duitssprekende leerlinge verplig om indien hulle Duits (Hoër Graad) vir Matrikulاسie wou aanbied, ook een van die amptelike tale op die Hoër Graad en die ander amptelike taal op die Laer Graad aan te bied. Die nuwe reëling het hulle nog gedwing om Duits en een van die amptelike tale op die Hoër Graad aan te bied, dog wat Engels en Afrikaans betref is slegs 'n slaagpunt op die Laer Graad in albei vereis. Die bepaling moet gelees word in die lig van 'n ander regulasie van die Matrikulasieraad:

„Indien 'n Matrikulasiekandidaat twee van die vakke Afrikaans (Hoër Graad), Engels (Hoër Graad), Nederlands (Hoër Graad), Duits (Hoër Graad) en 'n erkende Bantoetaal (Hoër Graad) by een en dieselfde eksamen neem en minstens 40 persent in een van die vakke behaal, word

---

(1) Gemeenskaplike Matrikulasieraad, Handboek vir die Matrikulاسie-eksamen, 1962, M2 (4), p.65.

daar beskou dat hy met 40 persent in die ander op die Laër Graad geslaag het indien sy punte tussen 30 en 40 persent val."<sup>(1)</sup>

Die interpretasie van 'n kandidaat se punte wat dan drie tale aanbied waarvan twee in die Hoër Graad is soos dikwels deur Duitssprekende leerlinge verkies, is uit bogenoemde duidelik. Aangesien die skole in Suidwes-Afrika eers teen die helfte van 1961 per omsendbrief omtrent Duits (Hoër Graad) as 'n Afdeling A(1) vak ingelig is, kon die nuwe stelsel eers gedurende die eindeksamen van November/Desember 1963 in werking tree.

F. SAMEVATTING:

Na die opskorting van die bestaande voorregte met betrekking tot Duitsmedium in 1945, het 'n periode van gedwonge aanpassing gevolg toe leerlinge deur middel van een van die landstale onderrig moes word. By die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1950 het die eerste toegewing na vyf jaar gevolg: Op aanbeveling van 'n kommissie is moedertaalonderrig aan Duitssprekende leerlinge tot St. 4 toegestaan by sommige staatskole wat daarvoor gekwalifiseer het. Na aanleiding van die verslae van twee verdere Kommissies van Onderzoek en die aandag wat die saak in die partypolitiek geniet het, is in 1959 moedertaalonderrig uitgebrei om die hele laerskoolperiode te beliggaam d.w.s. tot St.5.

Wat betref Duitse Privaatskole het die ruime voorsiening sedert 1950 hulle in staat gestel om voort te bestaan.

---

(1) Ibid., M2 (c), p.67.

In 1952 is die subsidie met R8.40 per leerling per jaar verhoog.<sup>(1)</sup> Die tegemoetkoming van die Administrasie het verder geblyk uit die feit dat lenings aan die private skole te Windhoek en Karibib toegestaan is ten einde hulle in staat te stel om noodsaaklike geboue op te rig.<sup>(2)</sup> Afgesien hiervan was die staat bereid om moedertaalonderrig in private skole verder te steun deur 'n bykomende subsidie. Hierdie aanbod is met dank aanvaar sodat die eerste St.6-klas in 1959 met Duits as moedertaal begin en die eerste St.8-klas in 1961 daarmee afgesluit het. Die Junior Sertifikaat van die Universiteit van Suid-Afrika waarvoor leerlinge tot 1958 ingeskryf het, kon verwerf word met Duits in die Hoër Graad en een van die amptelike tale in die Laer Graad. Die invloed van hierdie reëling is merkbaar op die slaagvereistes vir Junior Sertifikaat van die Suidwes-Afrikaanse Departement van Onderwys waar hierdie eksamen tans hulle verantwoordelikheid is. Indien 'n leerling een van die amptelike tale of Duits in die Hoër Graad neem en die ander amptelike taal en/of Duits in die Laer Graad, kan hy/sy slaag al druipe die leerling in die amptelike taal in die Laer Graad, mits hy in Duits Laer slaag.<sup>(3)</sup> Daardeur word dus groter geleentheid gebied aan die Duitssprekendes en die anderstaliges om hul Junior Sertifikaat te verwerf.

Vir die Senior Sekondêre Kursus kon leerlinge voortaan Duits (Hoër Graad) aanbied en Matrikulasievrystelling verwerf mits een van die amptelike tale op die Hoër Graad aangebied en albei amptelike tale op die Laer Graad geslaag word.

---

(1) Die werk van vyf jaar en verkiesingsmanifes van die Nasionale Party 1955, p.14.

(2) Onderwyskommissie van 1958, art.566.

(3) Departement van Onderwys. Reëls op die Junior Sekondêre Kursus en die Junior Sertifikaateksamen, p.18.